

West Coast Resources

WEST COAST RESOURCES IS AAN'T GROEI

Slegs 'n paar maande na West Coast Resources se Namakwaland-projek afgeskop is, vorder die maatskappy se groeiplanne flink. Met 'n personeelgetal wat teen die einde van die maand net duskant 30 sal draai, word daar skouer aan die wiel gesit in Kleinsee en Koingnaas.

Mynbouprojekte

Die maatskappy se eerste projek – die konstruksie van 'n finale herwinningsaanleg in Kleinsee – is in Februarie afgehandel en die aanleg is sedertdien in gebruik geneem. 'n Boorspan is ook onlangs aangestel. Na afloop van booropleiding in Maart, pak dié span in April booraktiwiteite volskaal aan om inligting in te win.

Die volgende operasionele mylpaal is 'n grootmonsteraanleg by Koingnaas wat na beraming teen middel Mei gereed sal wees om voor produksie te toets. Konstruksie van die Mitchell's Baai-aanleg volg later in die jaar.

Werwing

West Coast Resources se huidige personeelgetal sluit werknemers by die finale herwinningsaanleg en grootmonsteraanleg in, asook die eksplorasië-, boor- en monsterspan.

Daar was oorweldigende belangstelling in die leerlingposte wat vroeër die jaar geadverteer is. Die maatskappy is besig om die meer as 700 CV's wat ontvang is te beoordeel en kortlys kandidate sal mettertyd gekontak word.

Werwing vir die Mitchell's Baai-aanleg word tans aangepak en sal oor 'n tydperk van drie maande afgehandel word.

Om die inwin van CV's in van die kleiner gemeenskappe te vergemaklik, sal amptelike West Coast Resources CV bokse in Buffelsrivier, Hondeklipbaai, Kleinsee, Koingnaas, Komaggas en Soebatsfontein geplaas word. CV's kan direk by hierdie bokse ingedien word. Die bokse word teen middel April ver wag.

Die maatskappy se toewyding tot die aanstel van plaaslike kandidate, in besonder voorheen benadeelde individue, vroue en die jeug, word duidelik weerspieël in die feit dat meer as 70% van die personeel wat reeds aangestel is, plaaslike inwoners is.

Alle diensverskaffers word ook aangemoedig om van plaaslike arbeid en plaaslike subkontrakteurs gebruik te maak en tot op hede is daar al ongeveer 100 werknemers deur West Coast Resources se verskaffers aangestel om met die projek te help.

Verskaffers

Aangesien 2015 meestal beskou word as 'n aanvangs- en konstruksiejaar vir die maatskappy, is daar tans geen operasionele kontrakte of tenders beskikbaar nie en konstruksieverskaffers is reeds vasgemaak vir die huidige projekte.

Soos die maatskappy se fokus egter in 2016 verskuif van konstruksie na mynbou-aktiwiteite, sal die geleentheid vir nuwe verskaffers toeneem.

'n Verskafferregistrasievorm en instruksies vir indiening is reeds op West Coast Resources se nuwe webwerf beskikbaar by www.westcoastresources.co.za/vendor-registration-form/

Die maatskappy wil graag die plaaslike gemeenskap bedank vir hulle belangstelling in die Namakwaland-projek.

Vir meer inligting oor West Coast Resources en beskikbare poste, besoek gerus die maatskappy se webwerf by www.westcoastresources.co.za